# AFRIKAANS HUISTAAL

## VRAESTEL 1

## GRAAD 10

## JUNIE 2019

**PUNTE: 70** **TYD: 2 uur**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | |
|---|---|
| AFDELING A: Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: Opsomming | (10) |
| AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE nuwe afdeling op ‘n NUWE bladsy.
4. Trek ‘n lyn na elke afdeling.
5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat ‘n reël oop na elke antwoord.
7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Voorgestelde tydsindeling:
   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute
9. Skryf netjies en leesbaar.

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae.

### TEKS A: ARTIKEL

## SUID-AFRIKA SOEK VINNIG VEILIGER, GROENER KRAG

***Daar is weer ‘n kernoorlog op pad – en dit nogal op eie bodem.***

1 Elektriese krag begin skaars raak, maar dit is asof mense nie stilstaan om te dink hoekom hulle hulself nou skielik letterlik in die donker bevind nie.

2 Feit is dat die vraag na elektrisiteit amper die aanbod oorskry omdat niemand ooit geglo het die ekonomie so sterk sou groei nie. Dit skep natuurlik ‘n groter aanvraag na elektrisiteit en Eskom, met sy huidige voorsieningsvermoë, kan nie voorbly nie.

3 Dit is dus noodsaaklik om kragvoorsiening te verhoog en dit beteken dat nuwe kragsentrales ontwikkel moet word. Steenkoolaangedrewe kragstasies is steeds die hoofvoorsieners van Suid-Afrika se elektriese krag, maar dit word as minder wenslik beskou weens die koolsuurgas wat dit produseer. Pomp-en-stoor kragstasies soos Drakensberg en Ingala help met kragvoorsiening in piektye. Die mense in die Kaap is op Koeberg se kernkrag aangewese. Eskom is reeds besig met nuwe steenkoolaangedrewe kragstasies in die Bosveld (soos Medupi). Windaangedrewe opwekkers lyk vir baie mense na ‘n omgewingsvriendelike opsie, maar daar is ernstige kommer oor die impak op voëls.

4 Kerntegnologie is seker die aangewese manier om skoon krag te produseer. Die publiek is egter baie skepties oor kernkrag se veiligheid. As die Amerikaners teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog nie twee Japanese stede met hul kernbomme verwoes het nie, was mense dalk meer gerus oor kernkrag. Die Tsjernobil-ramp het ook kernkrag se reputasie verswak. Daar is egter baie mites oor kernkrag en dit versterk die vrese oor hierdie volhoubare en natuurlike energiebron. Die bestuur van kernafval is ook ‘n probleem en daar is geen oplossing in sig nie.

5 *Terwyl inwoners en sakeondernemings die impak van beurtkrag aan eie bas voel, sit hulle nie in sak en as nie. Hulle maak planne om elektrisiteit te kry van alternatiewe kragbronne, selfs al is daar nie beurtkrag nie. Die argument is dat elektrisiteit baie duur is en gevolglik moet gekyk word na alternatiewe bronne met die oog op die toekoms. Verteenwoordigers van maatskappye wat betrokke is by die verkoop van alternatiewe kragbronne het bevestig dat navrae en verkope die afgelope tyd drasties gestyg het.*

6 *Om in ons land se groeiende energiebehoeftes te voorsien sal daar beslis nuwe kragsentrales gebou moet word. Die vraag is net, steenkool of kernkrag? Soos wat die aarde nou besig is om te verhit, is die idee van steenkoolaangedrewe kragsentrales amper uitgedien. Windturbines is nie altyd so goed as die wind nie waai nie, dus is die beter opsie kernkrag. Dis 'n moeilike keuse, maar as jy te bang is om een te kies, moet jy dalkies maar die ligte afskakel.*

7 *Dis juis daardie onnodige ligte, stowe, verwarmers, warmwatertenks en dies meer wat krag so mors en die hele dilemma veroorsaak.*

8 *Die "groenes" gaan Eskom en die regering kaalvuis pak oor die voorgestelde kernkragsentrales. Wie weet of die stryd regverdig gaan wees?*

9 *So, doen liewers jou deel en sit dit af, sit dit af!*

*(verwerk uit Beeld, 11 Junie 2007 en George Nuus, 5 April 2019 )*



**Steenkoolaangedrewe kragstasie**

*(www.nuus.info)*



**Medupi**

*(www.eskom.co.za)*



**Koeberg (Kernkrag)**

*(www.eskom.co.za)*



**Windkragopwekking**

*(www.theconversation.com)*

1.1 Skryf 'n woord uit die titel neer wat daarop dui dat die skrywer bekommerd is oor die omgewing. (1)

1.2 Is Koeberg 'n kern- of steenkoolkragsentrale? Van watter leestegniek het jy gebruik gemaak? (2)

1.3 Watter woord in die subopskrif dui daarop dat daar reeds 'n kernoorlog was? (1)

1.4 Wat is volgens die leesstuk die gevolg van die ekonomiese groei in ons land? (1)

1.5 Skryf TWEE woorde uit paragraaf 2 neer wat 'n teenstelling vorm. (2)

1.6 Waarna verwys "piektye" in paragraaf 3? Verduidelik in jou eie woorde. (1)

1.7 Is die inligting in paragraaf 4 feite of menings? Skryf TWEE woorde neer uit die teks om jou antwoord te staaf. (3)

1.8 Noem die TWEE nadele wat mense huiwerig maak om kernkrag te implementeer. (2)

1.9 Waarom skakel die land nie geheel en al oor na windkrag nie? Gee TWEE redes. (2)

1.10 Sou jy sê dat jy deel is van die teikengroep van die leesstuk? Motiveer jou antwoord. (1)

1.11 Word die woorde "kaalvuis pak" in paragraaf 8 denotatief of konnotatief gebruik? Verduidelik jou antwoord. (2)

1.12 Lees weer paragraaf 7 tot 9. Skryf 'n sinoniem vir "probleem" uit die teks neer. (1)

1.13 Waarom is alternatiewe kragbronne belangrik vir die land se voorbestaan? (1)

1.14 Hoe kan jy, volgens die teks, help om die energieprobleem ligter te maak? (2)

**[22]**

## TEKS B: SPOTPRENT




*(www.netwerk24.com)*

1.15 Noem twee maniere waarop die tekenaar oordra dat daar beurtkrag is. (2)

1.16 Hoe pas die kommentaar aan die onderkant van die spotprentjie aan by inhoud van Teks A? (2)

1.17 Waarop sinspeel die herhaling van die woord "swart"? (1)

1.18 Wat is die rede dat daar beurtkrag is? (1)

1.19 Wat is die kontras tussen "Swart Vrydag" en Eskom? (2)

**[8]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

**INSTRUKSIES**

1. Lees die teks hieronder en maak ‘n opsomming van SEWE wenke hoe om die elektrisiteitsrekening te verlaag.
2. Jou opsomming moet in jou eie woorde ( in volsinne) in paragraafvorm. aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming ‘n titel te gee nie.
4. Dui die aantal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

## SLIMKOPPLANNE OM ELEKTRISITEIT TE SPAAR

Een van die maklikste maniere om elektrisiteit te spaar is om die son as jou lig in te span. Dis gratis en byna heeljaar beskikbaar hier in sonnige Suid-Afrika! Trek jou gordyne wyd oop. Laat die natuurlike lig by jou vensters instroom.

As jy meer lig benodig, skakel slegs dié aan wat jy benodig en vervang hulle met energie-besparende alternatiewe, byvoorbeeld LED-ligte. Hulle spaar tot 85% meer krag as tradisionele gloeilampe en hou 25 keer langer. Alhoewel hulle duurder is, behoort jy gou-gou die besparing aan jou sak te voel.

’n Eenvoudiger manier om jou elektrisiteitsrekening te laat daal, is om nie ligte onnodig te laat brand nie. ’n Spanpoging van die hele gesin is die beste manier om die gewoonte te kweek.

Skakel al jou elektroniese toebehore af, en prop hulle uit ook! Rekenaars is veral energievrate. As hulle nie werklik af is nie gebruik hulle steeds heelwat energie, want hulle bly heeltyd reg om weer aan die werk te spring. Televisies, DVD-spelers, dekodeerders en klanksisteme gebruik krag selfs al is jy nie besig om hulle te gebruik nie. Prop hulle eerder uit vir optimale besparings.

Die goue reël om jou elektrisiteitsverbruik te verlaag is om net dit te gebruik wat jy nodig het. Kook net soveel water as wat jy nodig het.

’n Groot energievraat is jou oond. Probeer om bakwerk só te beplan dat jy dit alles in een sessie deur die oond kan jaag. Sodoende hoef die oond net een keer warm te word.

Werk slimmer met een van die grootste energie-suiers: jou yskas. Dis beter om jou yskas voller te hou want dan is daar minder plek vir warm lug om in te glip wanneer jy die deur oopmaak.

*(Aangepas uit www.virseker.co.za)*

**TOTAAL AFDELING B: 10**





Bron: pngail.com

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3**

**TEKS D: STROKIESPRENT**




*(Huisgenoot 22 Julie 1999)*

3.1 Watter tipe beroep beoefen die Olaf karakter? Gee TWEE bewyse uit die strokiesprent. (2)

3.2 Is die onderstreepte WERKWOORD in raampie 1 ‘n hulpwerkwoord of ‘n koppelwerkwoord? (1)

3.3 Vorm ‘n SAMESTELLING waarin “dobbel” ( raampie 3) as die bepaler gebruik word. (1)

3.4 Skryf ‘n woord uit raampie 3 neer wat ‘n DIFTONG bevat en onderstreep die diftong. (1)

3.5 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.
Hagar maak homself skuldig aan (drink) misbruik. (1)

3.6 Lees weer raampie 6 se woorde. Maak TWEE betekenisvolle SINNE met **sin** en **s’n** sodat die verskil in betekenis duidelik is. (2)

3.7 Skryf ‘n voorbeeld van ‘n INFINITIEF uit die laaste raampie neer. (1)

3.8 Wat word geïmpliseer deur Hagar se woorde in die laaste raampie? (1)

**[10]**

**VRAAG 4**

**TEKS E: SPOTPRENT**




*(www.kaaskrul.com)*

4.1 Skryf die woorde van die outjie wat omgery is in die verlede tyd. (1)

4.2 Watter woord in die strokie is aan Engels ontleen? (1)

4.3 Vervang die woord wat jy as antwoord in 3.3 neergeskryf het met ’n suiwer Afrikaanse woord of uitdrukking. (1)

4.4 *Die pote* is ’n spotnaam vir die (poliesie; polisie; poeliesie; poelisie). Skryf die woord wat korrek gespel is neer. (1)

4.5 Wat word die voorwerpe wat *die pote* op hul "koppe" dra genoem? (1)

4.6 Vorm 'n samestelling van die woorde tussen hakies: Hy vertel aan almal sy (lewe + verhaal). (1)

4.7 Wat is die betekenis van die woord *skurk*? (1)

4.8 **Die pote sal hom vang**.
Skryf hierdie sin in die lydende vorm. (1)

4.9 Vul 'n gepaste selfstandige naamwoord in: Die seun is die ... van 'n tref-en-trapongeluk. (1)

4.10 Wat noem ons die persoon wat 'n ongeluk sien gebeur? (1)

**[10]**

**VRAAG 5**

**TEKS F: INLIGTINGSTUK**

**OORFONE WORD KANTOORMURE**

1 Die mure tuimel steeds in kantore wêreldwyd, maar werkers vind toenemend nuwe maniere om hulself te verskans.

2 Oorfone het die nuwe mure in ooplankantore geword.

3 'n Opname in die VSA deur Harris Interactive het bevind dat veral jonger werknemers meer geneig is om musiek op hul iPods te luister terwyl hulle werk. Byna die helfte van die respondente tuseen 25 en 29 jaar het aangedui dat hulle graag oorfone by die werk dra.

4 'n Ander opname deur die werwingsgroep Spherion het weer bevind dat tot 'n derde van Amerikaanse werkers oorfone in oopplankantore dra om hulle produktiwiteit en werkbevrediging te verhoog.

5 Voeg hierby die gebruik om deurlopend per slimfoon of rekenaar gesprekke op sosiale platforms aan die gang te hou, en dis geen wonder dat werknemers ruiterlik erken dat hulle meer kontak het met mense buite die kantoor as met kollegas wat reg langs hulle sit nie.

6 Die idee van 'n oopplankantoor is juis om werknemers aan te moedig om met kollegas te kommunikeer en spanwerk te bevorder.

7 Maar onlangse studies toon dat mense korter en meer oppervlakkige gesprekke in oopplankantore voer, juis omdat hulle selfbewus is om afgeluister te word.

*(Vertaal en aangepas vanuit https://www.intheblack.com/articles/2016/11/22/headphones-the-new-office-wall)*

5.1 Waarom word die KAPPIE in die woord " wêreldwyd" (paragraaf 1) gebruik? (1)

5.2 Verdeel die woord "oopplankantore" (paragraaf 2) in LETTERGREPE. (1)

5.3 Skryf "25" ( paragraaf 3) in WOORDE. (1)

5.4 Kies die KORREKTE antwoord en skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (5.4) neer.
Watter KLANKVERSKYNSEL kan voorkom by die uitspraak van "wonder" in paragraaf 5?

A Vokaalreduksie
B Ontronding
C Assimilasie
D Alliterasie (1)

5.5 Gee die vergrotende trap van "graag". (Paragraaf 3) (1)

5.6 Skryf die basisvorm (stam) van die woord "produktiwiteit" (paragraaf 4) neer. (1)

5.7 Is die woord "toenemend" (paragraaf 1) 'n afleiding, samestelling of samestellende afleiding? (1)

5.8 Verbind die volgende sinne met die woorde tussen hakies.
Die werkers luister heeltyd na musiek.
Produktiwiteit het verhoog. (Ten spyte daarvan) (1)

5.9 Skryf die volgende sin oor in die ontkennende vorm.
Werknemers het reeds 'n verbetering in produksie waargeneem. (1)

5.10 Wat word deur die titel van die artikel geïmpliseer? (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 70**